Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 1627 — PRICE 10c PRYS — REGULASIEKOERANT No. 1627

*Registered at the Post Office as a Newspaper* — OVERSEAS 15c OORSEE — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

POST FREE — POSVRY

VOL. 83] PRETORIA, 19 MAY 1972 / 19 MEI 1972 [No. 3506

## PROCLAMATION

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. 125, 1972

DATE OF COMMENCEMENT OF THE DEEDS REGISTRIES AMENDMENT ACT, 1972 (ACT 3 OF 1972)

In terms of section 17 of the Deeds Registries Amendment Act, 1972, I hereby declare that the 1st day of June 1972 shall be the date on which the said Act shall come into operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this First day of May, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. C. PELSER.

## PROKLAMASIE

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. 125, 1972

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN DIE WYSIGINGSWET OP REGISTRASIE VAN AKTES, 1972 (WET 3 VAN 1972)

Kragtens artikel 17 van die Wysigingswet op Registrasie van Aktes, 1972, bepaal ek hierby die 1ste dag van Junie 1972 as die datum waarop bedoelde Wet in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Eerste dag van Mei Eenduisend Negehonderd Twee-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. C. PELSER.

## GOVERNMENT NOTICES

### DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 815 19 May 1972

MILK SCHEME

PAYMENT OF PURCHASE PRICE OF MILK AND CREAM TO THE MILK BOARD

In terms of section 79 (c) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister of Agriculture, hereby make known that the Milk Board, referred to in section 3 of the Milk Scheme, published by Proclamation R. 225 of 1966, as amended, has in

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

### DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 815 19 Mei 1972

MELKSKEMA

BETALING VAN KOOPPRYS VAN MELK EN ROOM AAN MELKRAAD

Kragtens artikel 79 (c) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Melkraad, genoem in artikel 3 van die Melkskema, afgekondig by Proklamasie R. 225 van 1966, soos gewysig, kragtens

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



terms of section 26 (1) of that Scheme, with my approval and with effect from the date of publication hereof, issued the instruction as set out in the Schedule hereto.

D. C. H. UYS, Minister of Agriculture.

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Milk Scheme, published by Proclamation R. 225 of 1966, as amended, shall have a corresponding meaning and "calendar month" means the period extending from the first day to the last day, both days included, of any of the 12 months of the year.

2. Every distributor and producer distributor shall pay to the said Board, the purchase price for all milk and cream which he purchased and received in an area, during a calendar month, from producers.

artikel 26 (1) van daardie Skema, met my goedkeuring en met ingang van die datum van publikasie hiervan die lasgewing soos in die Bylae hiervan uiteengesit, uitgereik het.

D. C. H. UYS, Minister van Landbou.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Melkskema, afgekondig by Proklamasie R. 225 van 1966, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken "kalendermaand" die tydperk wat strek vanaf die eerste dag tot die laaste dag, albei dae ingesluit, van enigeen van die 12 maande van die jaar.

2. Elke distribueerder en produsent-distribueerder moet aan genoemde Raad die koopprys betaal vir alle melk en room wat hy gedurende 'n kalendermaand in 'n gebied van produsente gekoop en ontvang het.

## DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. R. 816 19 May 1972

CORRECTION NOTICE

The following correction should be made in the Schedule to Proclamation R. 83 of 1972, published in *Government Gazette* 3442, dated 30 March 1972:

The word "werknemer" in regulation 11 (1) must be substituted for the word "werkgewer" in the Afrikaans text. (C142/1281)

## DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

No. R. 816 19 Mei 1972

VERBETERINGSKENNISGEWING

Onderstaande verbetering moet in die Bylae van Proklamasie R. 83 van 1972 wat in *Staatskoerant* 3442 van 30 Maart 1972 gepubliseer is, aangebring word:

Die woord "werkgewer" in regulasie 11 (1) moet in die Afrikaanse teks deur die woord "werknemer" vervang word. (C142/1281)

No. R. 845 19 May 1972

TRANSKEIAN TOWNSHIPS BOARD.—TRANSFER OF FUNCTIONS AND DUTIES OF THE VILLAGE MANAGEMENT BOARDS OF MOUNT AYLIFF AND TABANKULU TO THE TRANSKEIAN TOWNSHIPS BOARD

Under the powers vested in me by regulations 12 (2) and 13 (1) of the Transkeian Townships Board Proclamation, 1970 (Proclamation R. 41 of 1970), I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Administration and Development, hereby declare that the urban local authorities of Mount Ayliff and Tabankulu shall, with effect from the 1st day of June 1972, cease to perform any functions in their respective areas of jurisdiction, and from the said date all functions which had to be performed by the said urban local authorities in their respective areas of jurisdiction shall be performed by the Transkeian Townships Board established by regulation 2 of the said Proclamation.

M. C. BOTHA, Minister of Bantu Administration and Development.

(File A216/1282)

No. R. 845 19 Mei 1972

TRANSKEISE DORPERAAD.—OORDRAG VAN FUNKSIES EN PLIGTE VAN DIE DORPSBESTURE VAN MOUNT AYLIFF EN TABANKULU AAN DIE TRANSKEISE DORPERAAD

Kragtens die bevoegdheid my verleen by regulasies 12 (2) en 13 (1) van die Transkeise Dorperaadproklamasie, 1970 (Proklamasie R. 41 van 1970), verklaar ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, hierby dat die stedelike plaaslike besture van Mount Ayliff en Tabankulu met ingang van die 1ste dag van Junie 1972 ophou om enige funksies in hulle onderskeie regsgebiede te verrig en vanaf genoemde datum word alle funksies wat deur genoemde stedelike plaaslike besture in hulle onderskeie regsgebiede verrig moes word, deur die Transkeise Dorperaad, ingestel by regulasie 2 van gemelde Proklamasie, verrig.

M. C. BOTHA, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

(Lêer A216/1282)

## DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE

No. R. 824 19 May 1972

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/119)

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS, Minister of Finance.

## DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. R. 824 19 Mei 1972

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/119)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS, Minister van Finansies.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



SCHEDULE

| I Tariff Heading | II Statistical Unit | III Rate of Duty: General | IV Rate of Duty: M.F.N. | V Rate of Duty: Preferential |
|---|---|---|---|---|
| 29.06 By the substitution for subheading No. 29.06.80 of the following: | | | | |
| "29.06.80 2,6-Ditertiary-butyl-p-cresol, styrenated phenols, 2,2'-methylene-bis-(4-methyl-6-tertiary-butyl phenol), and alkylated phenols and other aryl mononuclear or polynuclear phenols, or alkyl mononuclear or polynuclear phenols where the alkyl-group, or any individual alkyl-group, contain three or more carbon atoms, of a kind used as anti-oxidants | kg | 25% or 25c per kg" | | |
| 29.22 By the substitution for subheading No. 29.22.70 of the following: | | | | |
| "29.22.75 Phenyl beta naphthylamine, phenyl alpha naphthylamine, n-nitroso diphenylamine, octylated diphenylamine and other nitrosoamines and compounds or derivatives of diphenylamine, of a kind used as vulcanisation retarders or anti-oxidants | kg | 25% or 25c per kg | | |
| 29.22.80 N,n'diphenyl paraphenylene diamine, n-isopropyl-n'-phenyl-p-phenylene diamine, n-cyclohexyl-n'-p-phenylene diamine, n'-isopropyl-n-phenyl paraphenylene diamine and compounds or derivatives of phenylene diamines, of a kind used as anti-oxidants | kg | 25% or 40c per kg" | | |
| 29.31 By the substitution for subheading No. 29.31.85 of the following: | | | | |
| "29.31.82 Tetramethylthiuram disulphide, tetra-ethylthiuram disulphide, zinc diethyl dithiocarbamate and other thiuram sulphides (excluding tetramethylthiuram monosulphide) and dithiocarbamates, of a kind used as vulcanisation accelerators | kg | 25% or 25c per kg | | |
| 29.31.88 Tetramethylthiuram monosulphide | kg | 25% or 35c per kg" | | |
| 29.35 By the substitution for subheading No. 29.35.88 of the following: | | | | |
| "29.35.86 2-Mercaptobenzothiazole, benzothiazyl disulphide, zinc salt of 2-mercaptobenzothiazole, polymerised 2,2,4-trimethyl-1,2-dihydroquinoline, 6-ethoxy-2,2,4-trimethyl-1,2-dihydroquinoline, and other quinoline compounds and derivatives thereof, of a kind used as vulcanisation accelerators or anti-oxidants | kg | 25% or 25c per kg | | |
| 29.35.87 N-cyclohexyl-2-benzothiazyl sulphenamide, n-tertiary butyl-2-benzothiazyl sulphenamide, 2(2,6-dimethyl-4-morfolinothio) benzothiazole and other benzothiazole compounds and derivatives thereof (excluding 2-mercaptobenzothiazole and zinc salt of 2-mercaptobenzothiazole), of a kind used as vulcanisation accelerators | kg | 25% or 35c per kg" | | |

NOTE.—The duty on certain chemicals of a kind used as anti-oxidants, vulcanisation retarders and vulcanisation accelerators is amended to the extent indicated.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



BYLAE

| I | | | II | III | IV | V |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Tariefpos | | | Statistiese Eenheid | Skaal van Reg | | |
| | | | | Algemeen | M.B.N. | Voorkeur |
| 29.06 | Deur subpos No. 29.06.80 deur die volgende te vervang: | | | | | |
| | „29.06.80 | 2,6-Ditersiêre-butiel-p-kresol, gestireeneerde fenole, 2,2'-metileen-bis-(4-metiel-6-tersiêre-butielfenol), en gealkileerde fenole en ander ariel eenkernige of veelkernige fenole, of alkiel eenkernige of veelkernige fenole waar die alkielgroep, of enige individuele alkielgroep, drie of meer koolstofatome bevat, van 'n soort gebruik as anti-oksideermiddels | kg | 25% of 25c per kg" | | |
| 29.22 | Deur subpos No. 29.22.70 deur die volgende te vervang: | | | | | |
| | „29.22.75 | Fenielbetanaftielamien, fenielalfanaftielamien, n-nitrosodifenielamien, geoktileerde difenielamien en ander nitrosoamiene en verbindinge of derivate van difenielamien, van 'n soort gebruik as vulkanisasievertraagmiddels of anti-oksideermiddels | kg | 25% of 25c per kg | | |
| | 29.22.80 | N,n'difenielparafenileendiamien, n-isopropiel-n'-feniel-p-fenileendiamien, n-sikloheksiel-n'-p-fenileendiamien, n'-isopropiel-n-fenielparafenileendiamien en verbindinge of derivate van fenileendiamiene, van 'n soort gebruik as anti-oksideermiddels | kg | 25% of 40c per kg" | | |
| 29.31 | Deur subpos No. 29.31.85 deur die volgende te vervang: | | | | | |
| | „29.31.82 | Tetrametieltiuraamdisulfied, tetra-etieltiuraamdisulfied, sinkdiëtielditiokarbamaat en ander tiuraamsulfiede (uitgesonderd tetrametieltiuraammonosulfied) en ditiokarbamate, van 'n soort gebruik as vulkanisasieversnellers | kg | 25% of 25c per kg | | |
| | 29.31.88 | Tetrametieltiuraammonosulfied | kg | 25% of 35c per kg" | | |
| 29.35 | Deur subpos No. 29.35.88 deur die volgende te vervang: | | | | | |
| | „29.35.86 | 2-Merkaptobensotiasool, bensotiasieldisulfied, sinksout van 2-merkaptobensotiasool, gepolimeriseerde 2,2,4-trimetiel-1,2-dihidrokinolien, 6-etoksi-2,2,4-trimetiel-1,2-dihidrokinolien, en ander kinolienverbindinge en derivate daarvan, van 'n soort gebruik as vulkanisasieversnellers of anti-oksideermiddels | kg | 25% of 25c per kg | | |
| | 29.35.87 | N-sikloheksiel-2-bensotiasielsulfenamied, n-tersiêre butiel-2-bensotiasielsulfenamied, 2(2,6-dimetiel-4-morfolinotio) bensotiasool en ander bensotiasoolverbindinge en derivate daarvan (uitgesonderd 2-merkaptobensotiasool en sinksout van 2-merkaptobensotiasool), van 'n soort gebruik as vulkanisasieversnellers | kg | 25% of 35c per kg" | | |

OPMERKING.—Die reg op sekere chemikalieë van 'n soort gebruik as anti-oksideermiddels, vulkanisasievertraagmiddels en vulkanisasieversnellers word gewysig in die mate aangetoon.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 825 19 May 1972

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT OF SCHEDULE 4 (No. 4/99)

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule 4 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS, Minister of Finance.

No. R. 825 19 Mei 1972

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING VAN BYLAE 4 (No. 4/99)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae 4 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS, Minister van Finansies.

SCHEDULE

| I<br>Item | II<br>Tariff Heading and Description | III<br>Extent of Rebate |
|---|---|---|
| 460.14 | By the substitution for item 460.14 of the following:<br>"460.14 29.35 6-Ethoxy-2,2,4-trimethyl-1,2-dihydroquinoline, in such quantities and at such times as the Secretary for Industries may allow by specific permit | Full duty" |

NOTE.—The provision for a rebate of duty on certain rubber anti-oxidants, vulcanisation retarders and vulcanisation accelerators, in such quantities and at such times as the Secretary for Industries may allow by specific permit, is withdrawn.

BYLAE

| I<br>Item | II<br>Tariefpos en Beskrywing | III<br>Mate van Korting |
|---|---|---|
| 460.14 | Deur item 460.14 deur die volgende te vervang:<br>„460.14 29.35 6-Etoksi-2,2,4-trimetiel-1,2-dihidrokinolien, in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Nywerheidswese by bepaalde permit toelaat | Volle reg" |

OPMERKING.—Die voorsiening vir 'n korting op reg op sekere rubberanti-oksideermiddels, vulkanisasievertraagmiddels en vulkanisasieversnellers, in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Nywerheidswese by bepaalde permit toelaat, word ingetrek.

## DEPARTMENT OF DEFENCE

No. R. 826 19 May 1972

AMENDMENT TO THE RULES PERMITTING PERSONS WHO ARE NOT MEMBERS OF THE SOUTH AFRICAN DEFENCE FORCE, TO PARTICIPATE VOLUNTARILY IN TRAINING EXERCISES WITH A COMMANDO

The Minister of Defence has, in terms of the powers vested in him by section 76 (2) (f) of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957), amended the rules permitting persons who are not members of the South African Defence Force, to participate voluntarily in training exercises with a commando promulgated under Government Notice R. 269 of 28 February 1969, as follows:

Rule 3 (2) is hereby amended by the deletion of the words "if he is then older than 50 years" at the end of paragraph (b).

## DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING

No. R. 826 19 Mei 1972

WYSIGING VAN DIE REËLS VIR DIE TOELATING VAN PERSONE WAT NIE LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG IS NIE, OM VRYWILLIGLIK AAN OPLEIDINGSOEFENINGE MET 'N KOMMANDO DEEL TE NEEM

Die Minister van Verdediging het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 76 (2) (f) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), die reëls vir die toelating van persone wat nie lede van die Suid-Afrikaanse Weermag is nie, om vrywilliglik aan opleidingsoefeninge met 'n kommando deel te neem afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 269 van 28 Februarie 1969, soos volg gewysig:

Reël 3 (2) word hierby gewysig deur die woorde "indien hy dan ouer as 50 jaar is" aan die einde van paragraaf (b) te skrap.

## DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 818 19 May 1972

FOOD, DRUGS AND DISINFECTANTS ACT, 1929 (ACT 13 OF 1929).—AMENDMENT OF REGULATIONS—NATURAL AND ARTIFICIAL SWEETENERS

It is hereby notified for general information that the Minister of Health, in terms of section 42 and 43 of the Food, Drugs and Disinfectants Act, 1929 (Act 13 of 1929), intends amending the regulations published under

## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 818 19 Mei 1972

WET OP VOEDINGSMIDDELS, MEDISYNE EN ONTSMETTINGSMIDDELS, 1929 (WET 13 VAN 1929).—WYSIGING VAN REGULASIES—NATUURLIKE EN KUNSMATIGE VERSOETERS

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid kragtens artikels 42 en 43 van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, 1929 (Wet 13 van 1929), voornemens is om

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Government Notice 575, dated 28 March 1930, by the substitution for regulation 6 (6) of the following new regulation:

"6. (6) Notwithstanding anything to the contrary contained in these regulations, foods in which sweetening substances are permitted or prescribed by regulation may contain the permitted sweeteners mentioned in subregulation (7). Where artificial sweeteners are used no natural sweeteners shall be added and the name and proportion of the artificial sweetener to the mass or volume of the product, together with the words 'to be used on the advice of a physician' and the words 'contains no added sugar' shall appear on the label.

(7) For the purposes of this Act and subject to the other provisions thereof the following substances are regarded as—

(a) permitted artificial sweeteners:

(i) Saccharine;
(ii) saccharine calcium;
(iii) saccharine sodium;
(iv) ammonium saccharine;
(v) calcium cyclamate;
(vi) sodium cyclamate; and as

(b) permitted natural sweeteners:

Any soluble carbohydrate sweetener (sugar), including sucrose, glucose (or dextrose), fructose (or levulose), maltose and lactose.

Sorbitol may be used in any foodstuff in which sweeteners are allowed on condition that such article contains no other added sugar or artificial sweeteners and that it bears a label with the words 'Sweetened with sorbitol' in letters 3 mm in height.".

Interested persons or bodies are invited to submit substantiated comments on this draft amendment to the regulations within three months of the date hereof to the Secretary for Health, Private Bag X88, Pretoria.

die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing 575 van 28 Maart 1930 te wysig deur regulasie 6 (6) deur die volgende nuwe regulasie te vervang:

"6. (6) Nieteenstaande andersluidende bepalings van hierdie regulasies kan voedingsmiddels waarin versoetende stowwe by regulasie toegelaat of voorgeskryf word, die veroorloofde versoeters wat in subregulasie (7) genoem word bevat. Waar kunsmatige versoeters gebruik word, mag geen natuurlike versoeters bygevoeg word nie en moet die naam en verhouding van die kunsmatige versoeter tot die massa of volume van die produk, asook die woorde 'moet gebruik word op advies van 'n geneesheer' en die woorde 'bevat geen bygevoegde suiker' op die opskrif verskyn.

(7) Vir doeleindes van hierdie Wet en behoudens die ander bepalings daarvan, word die volgende stowwe beskou as—

(a) veroorloofde kunsmatige versoeters:

(i) Sakkarien;
(ii) sakkarienkalsium;
(iii) sakkariennatrium;
(iv) ammoniumsakkarien;
(v) kalsiumsiklamaat;
(vi) natriumsiklamaat; en as

(b) veroorloofde natuurlike versoeters:

Enige oplosbare koolhidraatversoeter (suiker), met inbegrip van sukrose, glukose (of dekstrose), fruktose (of levulose), maltose en melksuiker.

Sorbitol kan gebruik word in enige voedingsmiddel waarin versoeters toegelaat word op voorwaarde dat sodanige artikel geen ander bygevoegde suiker of kunsmatige versoeters bevat nie en dat dit 'n opskrif dra met die woorde 'Met sorbitol versoet' in letters 3 mm hoog.".

Belanghebbende persone of liggame word versoek om binne drie maande na die datum hiervan gemotiveerde kommentaar op hierdie konsepwysiging van die regulasies by die Sekretaris van Gesondheid, Privaatsak X88, Pretoria, in te dien.

## DEPARTMENT OF JUSTICE

No. R. 831 19 May 1972

NOTICE IN TERMS OF SECTION 8 (4) OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT 44 OF 1950)

Notice is hereby given in terms of section 8 (4) of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act 44 of 1950), that the name contained in the Schedule hereto has been removed from the list published in Government Notice R. 1337, dated 28 August 1964.

SCHEDULE

Kwinana, Rachel.

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. R. 831 19 Mei 1972

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 8 (4) VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET 44 VAN 1950)

Kennis word hierby ingevolge artikel 8 (4) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet 44 van 1950), gegee dat die naam vervat in die Bylae hiervan geskrap is van die lys wat by Goewermentskennisgewing R. 1337 van 28 Augustus 1964 afgekondig is.

BYLAE

Kwinana, Rachel.

## DEPARTMENT OF LABOUR

No. R. 819 19 May 1972

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

BUILDING INDUSTRY, KIMBERLEY

ELECTRICAL INSTALLATION SECTION.—EXTENSION OF AGREEMENT

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (i) of the Industrial Conciliation Act, 1956, extend the periods fixed in Government Notices R. 2359 of 20 December 1968, R. 3592 of 24 October 1969, R. 1184 of 9 July 1971, R. 1642 of 24 September 1971 and R. 1643 of 24 September 1971, by a further period of six months ending on 29 December 1972.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

## DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. R. 819 19 Mei 1972

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

BOUNYWERHEID, KIMBERLEY

ELEKTRIESE INSTALLERINGSAFDELING.—VERLENGING VAN OOREENKOMS

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verleng hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (i) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, die tydperke vasgestel in Goewermentskennisgewings R. 2359 van 20 Desember 1968, R. 3592 van 24 Oktober 1969, R. 1184 van 9 Julie 1971, R. 1642 van 24 September 1971 en R. 1643 van 24 September 1971, met 'n verdere tydperk van ses maande wat op 29 Desember 1972 eindig.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## DEPARTMENT OF MINES

No. R. 817 19 May 1972

AMENDMENT OF REGULATIONS

MINES, WORKS AND MINERALS ORDINANCE, 1968 (ORDINANCE 20 OF 1968), OF SOUTH-WEST AFRICA

The State President has, in terms of section 95 of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968 (Ordinance 20 of 1968), of South-West Africa, amended the regulations published under Government Notice 143 of 1 October 1968 in *Official Gazette Extraordinary* 2927 of South-West Africa and as amended by Proclamation R. 89, 1969 of 14 April 1969, as follows:

1. In regulation 20 (1) (c), by the substitution for the words "beacon referred to in regulation 10" of the words "station referred to in regulation 11".

2. In regulation 47 (3), by the substitution for the words—

(a) "holder of a claim or owner of a mining area" of the words "holder of a claim, owner of a mining area or holder of a mining grant in terms of section 61"; and

(b) "claim or mining area" of the words "claim, mining area or grant area referred to in section 61,".

3. In regulation 48 (3), by the substitution for the words "claim holder or mining area owner", wherever they occur, of the words "prospector or mine owner".

4. In regulation 256 (1), by the substitution for the words preceding paragraph (a) of the words "(1) No person shall perform, or cause or permit any other person to perform, at any mine or works, any work in connection with the operation of a mine or works, on a Sunday, Christmas Day, Day of the Covenant or Good Friday, or cause any other person to perform, at any mine or works, any such work on Republic Day, unless the work is—".

## DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. R. 817 19 Mei 1972

WYSIGING VAN REGULASIES

ORDONNANSIE OP MYNE, BEDRYWE EN MINERALE, 1968 (ORDONNANSIE 20 VAN 1968), VAN SUIDWES-AFRIKA

Die Staatspresident het, kragtens artikel 95 van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale, 1968 (Ordonnansie 20 van 1968), van Suidwes-Afrika, die regulasies soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing 143 van 1 Oktober 1968 in *Buitengewone Offisiële Koerant* 2927 van Suidwes-Afrika en soos gewysig by Proklamasie R. 89, 1969 van 14 April 1969, soos volg gewysig:

1. In regulasie 20 (1) (c), deur die vervanging van die woorde "regulasie 10 bedoelde baken" deur die woorde "regulasie 11 bedoelde peilbaken".

2. In regulasie 47 (3), deur die vervanging van die woorde—

(a) "'n kleimhouer of myngebiedeienaar" deur die woorde "'n kleimhouer, myngebiedeienaar of houer van 'n myntoekenning ingevolge artikel 61"; en

(b) "kleim of myngebied" deur die woorde "kleim, myngebied of artikel 61 bedoelde toekenningsgebied".

3. In regulasie 48 (3), deur die vervanging van die woorde "kleimhouer of myngebiedeienaar", waar hulle ook al voorkom, deur die woorde "prospekteerder of myneienaar".

4. In regulasie 256 (1), deur die vervanging van die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die woorde "(1) Niemand mag op 'n Sondag, Kersdag, Geloftedag of Goeie Vrydag enige werk in verband met die werking van 'n myn of bedryf, by 'n myn of bedryf verrig of deur iemand anders laat verrig of toelaat dat iemand anders dit aldus verrig nie, of op Republiekdag sodanige werk by 'n myn of bedryf deur iemand anders laat verrig nie, tensy die werk bestaan uit—".

## DEPARTMENT OF RAILWAYS AND HARBOURS

No. R. 858 19 May 1972

REGULATIONS FOR THE HARBOURS OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND OF SOUTH-WEST AFRICA

The State President has been pleased in terms of section 3 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act 70 of 1957), to approve of the amendment of the Regulations for the Harbours of the Republic of South Africa and of South-West Afrika published under Government Notice R. 290 of 2 March 1962, by the substitution for the expression "port goods superintendent", wherever it occurs, of the expression "port manager", which amendment will come into effect on 1 April 1972.

*Amendment* 23]

## DEPARTEMENT VAN SPOORWEË EN HAWENS

No. R. 858 19 Mei 1972

REGULASIES VIR DIE HAWENS VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VAN SUIDWES-AFRIKA

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 3 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet 70 van 1957), goedkeuring te verleen aan die wysiging van die regulasies vir die Hawens van die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 290 van 2 Maart 1962, deur die uitdrukking "hawegoederesuperintendent", waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking "hawebestuurder" te vervang, welke wysiging vanaf 1 April 1972 in werking tree.

*Wysiging* 23]

Buy National Savings Certificates

Koop Nasionale Spaarsertifikate

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## CONTENTS


No. Page

PROCLAMATION

R. 125. Date of commencement of the Deeds Registries Amendment Act, 1972 ... ... ... 1

**Agricultural Economics and Marketing, Department of**

*Government Notice*

R. 815. Milk Scheme: Payment of purchase price of milk and cream to the Milk Board ... 1

**Bantu Administration and Development, Department of**

*Government Notices*

R. 816. Correction notice ... ... ... ... ... ... ... ... 2

R. 845. Transkeian Townships Board: Transfer of of functions and duties of the Management Boards of Mount Ayliff and Tabankulu to the Transkeian Townships Board ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 2

**Customs and Excise, Department of**

*Government Notices*

R. 824. Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/119) ... ... 2

R. 825. Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 4 (No. 4/99) ... ... ... 5

**Defence, Department of**

*Government Notice*

R. 826. Amendment to the rules permitting persons who are not members of the South African Defence Force to participate voluntarily in training exercises with a commando ... 5

**Health, Department of**

*Government Notice*

R. 818. Food, Drugs and Disinfectants Act, 1929: Amendment of regulations: Natural and artificial sweeteners ... ... ... ... ... ... ... 5

**Justice, Department of**

*Government Notice*

R. 831. Notice in terms of section 8 (4) of the Suppression of Communism Act, 1950 ... 6

**Labour, Department of**

*Government Notice*

R. 819. Building Industry, Kimberley: Electrical Installation Section: Extension of Agreement ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 6

**Mines, Department of**

*Government Notice*

R. 817. Amendment of regulations: Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968, of South-West Africa ... ... ... ... ... ... ... ... 7

**Railways and Harbours, Department of**

*Government Notice*

R. 858. Regulations for the harbours of the Republic and of South-West Africa ... ... 7


## INHOUD


No. Bladsy

PROKLAMASIE

R. 125. Datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Registrasie van Aktes, 1972 ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 1

**Arbeid, Departement van**

*Goewermentskennisgewing*

R. 819. Bounywerheid, Kimberley: Elektriese Installeringsafdeling: Verlenging van Ooreenkoms ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 6

**Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Departement van**

*Goewermentskennisgewings*

R. 816 Verbeteringskennisgewing ... ... ... ... ... 2

R. 845. Transkeise Dorperaad: Oordrag van funksies en pligte van die Dorpsbesture van Mount Ayliff en Tabankulu aan die Transkeise Dorperaad ... ... ... ... ... 2

**Doeane en Aksyns, Departement van**

*Goewermentskennisgewings*

R. 824. Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/1/119) ... ... ... ... 2

R. 825. Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae 4 (No. 4/99) ... ... ... ... ... 5

**Gesondheid, Departement van**

*Goewermentskennisgewing*

R. 818. Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, 1929: Wysiging van regulasies: Natuurlike en kunsmatige versoeters ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 5

**Justisie, Departement van**

*Goewermentskennisgewing*

R. 831. Kennisgewing ingevolge artikel 8 (4) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 ... ... ... ... ... ... ... ... 6

**Landbou-ekonomie en -bemarking, Departement van**

*Goewermentskennisgewing*

R. 815. Melkskema: Betaling van koopprys van melk en room aan die Melkraad ... ... 1

**Mynwese, Departement van**

*Goewermentskennisgewing*

R. 817. Wysiging van regulasies: Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale, 1968, van Suidwes-Afrika ... ... ... ... ... ... ... ... 7

**Spoorweë en Hawens, Departement van**

*Goewermentskennisgewing*

R. 858. Regulasies vir die hawens van die Republiek en van Suidwes-Afrika ... ... ... ... 7

**Verdediging, Departement van**

*Goewermentskennisgewing*

R. 826. Wysiging van die reëls vir die toelating van persone wat nie lede van die Suid-Afrikaanse Weermag is nie, om vrywillig aan opleidingsoefeninge met 'n kommando deel te neem ... ... ... ... ... ... ... ... 5


Printed by and obtainable from The Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria

Gedruk deur en verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria